**N ANTWOORD OP WYLE DEREK PRINCE SE STELLINGS AANGAANDE DIE ROL VAN DIE JODE**

*Geskryf deur Helmut Burger, Suidafrikaanse Ouderling van die Christian Biblical Church of God.*

Wyle Derek Prince het in ` n preek/lesing onder andere gesê:

- Jesus was ` n Jood;
- Die profete was Jode; en
- Die Bybel is deur Jode geskryf.

Hy is reg en verkeerd. Hoe so?

<u>SO ` N BIETJIE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND</u>

In ongeveer 931 v.C. het die verenigde koninkryk van Israel, na die dood van koning Salomo, in twee geskeur. Tien van die stamme van Israel wie se grondgebied Noord van Jerusalem geleë was, het, onder leiding van Rehobeam, weggebreek van die stamme wie se grondgebied suidwaarts van Jerusalem, (maar uiteraard met insluiting van Jerusalem), geleë was. Laasgenoemde stamme was Juda, Benjamin en die meeste van die Leviete uit die stam van Levi.

Rehobeam het Samaria die hoofstad van die Noordelike ryk gemaak. Jerusalem het die hoofstad van die Suidelike ryk gebly.

Na hierdie skeuring verwys die Bybel telkens na, "die huis van Juda," (בית יהודה) synde die Suidelike ryk en die, " huis van Israel, ( בית ישׂראל) synde die Noordelike ryk.

Rehobeam, koning van die Noordelike ryk het onmiddelik afvallig geword van die geloof van die Vaders en het ` n nuwe godsdiens, een van afgodsaanbidding, ingestel. Hulle het heeltemal afgewyk van die Torah. Rehobeam het selfs ` n altaar laat bou waarop afgodsoffers ge-offer is.

In die Suidelike ryk het die huis van Juda, (waarby inbegrepe Benjamin en Levi), voortgegaan om, ten minste vir ` n baie lang ruk, God ooreenkomstig die Torah te aanbid en te dien. Die Leviete was in beheer van die tempel.

Hierdie 2 koninkryke het vir ongeveer 208 jaar langs mekaar bestaan, maar in konstante konflik, onder andere in die geval beskryf in II Konings, soos hverder hieronder bespreek.

<u>DIE EERSTE VERMELDING VAN DIE EIENAAM, "JOOD" BINNE DIE KONTEKS VAN WYLE DEREK PRINCE SE STELLING DAT "AL DIE PROFETE JODE WAS"</u>

(II Konings 16:5) Toe het Resin, die koning van Aram, en Peka, die seun van Remália, **die koning van Israel**, opgetrek na Jerusalem om te veg, en hulle het Agas ingesluit; maar hulle kon nie veg nie. [let hier op dat die eienaam, "**Israel**," gebruik word om die Noordelike stamme te onderskei van die Suidelike stamme, d.i., geleë om en suid van Jerusalem.

(II Konings 16:6) In dieselfde tyd het Resin, die koning van Aram, Elat aan Aram gebring en **die Jode** uit Elat verdrywe; en die Edomiete het in Elat gekom en daar gaan woon tot vandag toe. [dit is uit die konteks baie duidelik dat hierdie eerste gebruik van "Jehudiem", vertaal as "Jode," na die huis van Juda oftewel die stamme in die Noordelike Ryk, verwys.)

Hierdie gebeure het tydens die regering van Agas, toe, in daardie stadium, koning van die Noordelike koninkryk, plaasgevind. Dit was iewers na 735 of 732 v.C. maar voor 721 v.C .

Dit is dan ook hier waar ons vir die eerste keer in die Skrif, in vers 6 hierbo, bekendgestel word aan die term of word, "Jood." In hierdie vers word die meervoudsvorm daarvan gebruik, "Jode," in Antieke Hebreeus, יהודים wat, getranslitereer as "Jihudiem," uitgespreek word.

In die enkelvoud tref ons die term 8 keer in Esther, 1 keer in Jeremia en 1 keer in Sagaria aan, יהודי , oftewel, "Jihudie."

Nêrens in die Skrif word daar na die huis van Juda of die inwoners van die Suidelike ryk, as "Israel" verwys nie. "Israel" verwys deurentyd na die inwoners van die Noordelike Ryk.

Nadat die Assiërs die noordelike tien stamme weggevoer het, het hulle verstrooi geraak en het nie weer, soos die Vaders van ouds, die God van Israel aanbid nie, trouens reeds al van die vestiging van die suidelike ryk deur Rehobeam nie.

Al die profete wat geprofeteer het voor ongeveer koning Agas se tyd, (735 of 732), het nooit as "Jode" bekend gestaan nie. Hulle is: Jesaja, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Elia, Elisha en Hosea.

Die **slotsom** is dus dat Derek Prince verkeerd is as hy sê dat al die **profete** "Jode" was.

<u>WYLE DEREK PRINCE SE STELLING DAT "AL DIE BOEKE VAN DIE BYBEL "DEUR JODE GESKRYF WAS"</u>

Wat betref die stelling dat die **Jode die boeke van die Bybel** geskryf het is eweneens, teen voormelde agtergrond, ook verkeerd. Alle outeurs van die boeke van die Ou Testament, van Moses af tot voor ongeveer 735 of 732, (toe die gebeure in II konings 16: 5-6, hierbo beskryf), was eenvoudig deel van **die volk Israel** en het **nie** as "Jode" bekend gestaan nie.

<u>WYLE DEREK PRINCE SE STELLING DAT "JESUS ` N JOOD WAS"</u>

Wat betref die stelling dat Jesus ` n "Jood "was, is dit korrek in die sin dat die huis van Juda soos hierbo uiteengesit, vanaf ongeveer 735 tot 732 "Jode" genoem word.

Jesus was van die stam van Juda, beide van sy aanneem - Pa, Josef, en sy ma Maria. Die profesieë het voorspel dat die Messias uit die stam van Juda sou kom. In Lukas 3:26 word Eli as die skoonpa van Josef, (wat met Maria, die biologiese moeder van Jesus), getroud se geslagsregister teruggevoer na die ander seun van koning Dawid, Natan. Daar is derhalwe geen weerspreking tussen die geslagregisters in Mattheus 1 en Lukas 3 nie. Mattheus handel met Josef, Jesus se aanneemvader, en Lukas handel met die biologiese moeder van Jesus, Maria. So, Jesus, deur Maria, was ` n wettige en biologiese afstammeling van koning Dawid wie afgestam het van Juda, seun van Jakob. Maria self, word niein die geslagsregister in Lukas genoem nie want dit was nie die gebruik om vrouens in geslagsregisters op te neem nie.

Volgens die Ou Tetament het ` n kind wat aangeneem of aanvaar word as eie kind, volgens gebruik,` n wettige afstammeling van sy aanneemvader geword. Op hierdie manier was Jesus ook, vanaf koning Dawid en deur sy seun Salomo tot by Josef, Jesus se aanneemvader, ` n wettige afstammeling van Juda. Interresantheidsgewys, die volgende: Die geslagsregister in Matt. 1:1-16 loop Christus se geslagsregister vanaf Dawid deur sy seun Salomo to by ene Jakob, vader van Josef wat met Maria getroud was, en, soos reeds gesê, in Lukas deur Dawid se seun Natan tot by Eli, Maria se vader.

<u>WYLE DEREK PRINCE SE STELLING DAT "AL DIE APOSTELS JODE WAS"</u>

Wat die stelling dat al die Apostels "Jode" was, is dit waar in die sin dat die meeste van hulle afstammelinge van Juda was en derhalwe, in die tyd wat hulle geleef het, "Jode" genoem is, soos hierbo verduidelik. Enkeles egter nie. Markus en Mattheus was uit die stam van Levi en Paulus ` n Benjaminiet. Soos reeds hierbo verduidelik was die stamme van Juda, Benjamin asook die oorgrote meerderheid Leviete onder hulle, vanaf koning Agas se tyd, "Jode," genoem.

` n Laaste, uiters belangrike punt is egter, as Jesus en die apostels dan "Jode" was, was hulle geloof dan, soos dit vandag bekenstaan, "Judaïsme," die geloof wat vanaf ongeveer 200 v.C. onstaan het en uitgebrei het?

Mens moet kennis neem van die feit dat die geloof van Abraham, Isak en Jakob, Moses en al die profete, en ander outeurs van die Ou Testamentiese kanon, geen naam gehad het nie. Dit was eenvoudig net ` n geloof gebaseer op die Torah, (ook genoem die "Pentateug,"), asook die ander boeke wat mettertyd die lig gesien het soos die profete, die psalms, die twee boeke van Salomo en die ander nie-profetiese boeke van die Ou Testament**. Dít was nie Judaïsme nie!** Dis, soos hulle in Engels sal sê, ` n "misnomer." **Judaïsme** het eers vanaf ongeveer 200 v.C. sy bestaan gekry en het oor tyd ontwikkel en, teen die tyd van Jesus, in ` n volslae godsdiens gemanifesteer. Dit was die godsdiens van die Fariseers. Judaïsme en die leringe daarvan het maar net ` n skyn van die geloof van antieke Israel gehad en is vandag steeds so. Alhoewel ` n praktiserende aanhanger van Judaïsme sal stry daaroor, is dit net eenvoudig ` n feit dat hulle die opinies, tradisies en interpretasies van die sogenaamde wyse manne en Rabbies welke vervat is in die Gemara, Mishnah en die Talmud, belangriker ag as die woord van God soos ons

dit in die Ou Testament vind. Hulle verafgod hierdie wyse manne en Rabbies. Judaïsme is `n afgodsdiens.

Nie Jesus of enigeen van sy volgelinge het die valse leringe van Judaïsme aangehang nie maar eenvoudig die oorsproklike geloof voortgesit maar, gekwalifiseerd, wel vir Jesus herken en aanvaar as die voorspelde Messias van Israel, (en die heidene). Jesus en sy volgelinge het die godsdiens van  Judaïsme in geheel verwerp. Jesus se talle konfrontasies, nie net met die Fariseërs nie maar ook met, byvoorbeeld, die Saduseërs is baie duidelik geboekstaaf in die evangelies.

So, ter afsluiting, al was hy `n Jood uit hoofde van die feit dat hy dit genoem kan word, was hy nie `n Jood in die sin dat hy Judaïsme aangehang het nie. Dit geld ook vir die Apostels, en ook die Joodse dissipels.

Ek hoop bogemelde beantwoord jou vraag.

### (Gen 12:3) "En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."

(Rom 11:25) Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;

(Rom 11:26) en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;

(Rom 11:27) en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

(Rom 11:28) Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders.

(Gen 27:29) Volke sal jou dien, en nasies voor jou neerbuig. Wees 'n heerser oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig. Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd hulle wat jou seën.